

Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Oktober 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys
het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

Psalm 119:45, 46 (p. 595)

- 45 Wil my, wat u wet betrag het, / nimmer prysgee as 'n roof
van vermeetes, maar beskerm my / soos u woord dit my beloof.
Hoe verlang ek na die heilgoed / wat my toewink in u trou!
Wees my goed, maak my verstandig, / dat ek u bevel kan hou.
- 46 HEER, hoe lank het U met hulle / wat u wet verag, geduld?
Kom dan eind'lik, doen vergelding, / bring oor hul die sware skuld!
Maar vir my is u gebooi / reiner, fyner duisendvoud,
meer gelouterd en gekeurmerk / as die allerfynste goud.

Skriflesing: Romeine 7:7-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 44:114-115

Kernvers: Romeine 7:13-15; 24-25

Beteken dit dat iets wat goed is, vir my die dood gebring het? Beslis nie. Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goed is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde weklik is. Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop. Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.
(Romeine 7:13-15; 24-25 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 114: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?

Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).

(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.

Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid van Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons ná hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14

Tema: Ons onvermoë om die wet na te kom, maak die wet allermins ongeldig

Geliefde gemeente van ons God, in Sondag 2 is daar vir ons gevra: **Wat eis die wet van God van ons?** Ons het geantwoord: **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.** Dit is 'n antwoord vanuit die Bybel uit, want Christus het die wet so saamgevat het.

Die daaropvolgende vraag was tot elkeen van ons persoonlik gerig: **Kan jy dit alles ten volle nakom?** Hierdie vraag druk op 'n mens se hart en laat jou nadink: Kan ek die hele wet ten volle nakom? 'n Gelowige mens sal graag *ja* wil antwoord – nie om te spog nie, maar omdat jy jou Vader wat in die hemel is tevrede wil stel. Dit maak egter nie saak van watter kant jy die vraag ook al benader en jou lewe bekyk nie, keer op keer moet jy hartseer erken: **Nee**, ek kan nie die wet ten volle nakom nie, **want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.**

Die vrae oor my en jou ellendige toestand het nie by hierdie antwoord opgehou nie. Die vrae het al indringender geword totdat elkeen moes erken: **Ek is so verdorwe dat ek glad nie in staat is om iets goeds te doen nie, behalwe as ek deur die Gees van God weer-gebore word.**

Ons Kategismus eindig gelukkig nie by ons ellende nie. Van Sondag 5 af lei die Heilige Gees vir jou en my terug na die evangelie van Jesus Christus waarin Hy bekering en verlossing aan ons verkondig. Jy het ook al gehoor hoe Christus as die enigste Verlosser sondaars uit die diepte van hulle ellende verlos. Jy het ook gehoor hoe die Gees bekeerlinge se hart verander sodat hulle 'n nuwe lewe kan lei. Jy weet ook van die middele wat God aan jou gegee het om jou in staat te stel om jou daaglik te bekeer – die Woord en die sakramente waarmee die Heilige Gees elke gelowige terugbring by die kruis van Jesus.

Die genade van verlossing en volgehoue werk wat God deur sy Seun en Gees skenk,

bring die gelowige daartoe om sy vreugde en blydschap uit te jubel. Jy kan nie anders nie as om met die woorde van Psalm 116 (berym) te vra:

Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld?

Wat kan ek vir Hom bring uit dank vir sy genade?

En die Here stel nie teleur nie. Die Heilige Gees het ons vaders gelei om die derde deel van ons Kategismus ook uit te werk. God het sy Tien Gebooe in sy volle heerlijkheid aan ons uitgestal. Die Here wil hê sy verlostes moet hulle dank vir sy genade uitleef langs die weg van die Tien Gebooe.

En nou, nadat die wet vir ons uiteengesit is as reël vir 'n dankbaarheidslewe, nadat ons so vol vreugde en blydschap gesing het oor die verlossing, kry ons weer met 'n vraag te doen soortgelyk aan die vraag in Sondag 2: Kan jy die hele wet ten volle nakom? Maar die vraag word nie somer aan enigiemand gevra nie. Die vraag kom tot elkeen wat bely dat hy en sy in Christus glo: ***Kan die mense wat tot God bekeer is hierdie gebooe volmaak gehoorsaam?***

Broers, susters en kinders, alhoewel jy oorloop van vreugde en blydschap oor jou verlossing, sal jy ook hartseer moet erken: Nee, ek kan nie volkome gehoorsaam wees aan die gebooe van God nie. Hierdie antwoord laat somer dadelik 'n nuwe vraag opduik. As die gelowiges dan sê dat hulle nie die gebooe volkome kan gehoorsaam nie, is hulle dan werklik verlos en gelowig of het hulle hulle net verbeel dat hulle verlos is?

Daar is selfs vandag nog mense wat nie hierdie onvermoë wat 'n gelowige bely, wil aanvaar nie. Hulle sal jou uit die Bybel wil wysmaak dat 'n wedergebore mens 'n stadium in hierdie lewe al bereik waar hy volmaak die wet kan gehoorsaam. Op grond van hierdie woorde in 1 Johannes sê hulle dit:

Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore. (1 Johannes 3:9 AFR53)

Somer net op die klank van die woorde klink dit of hierdie mense reg kan wees – iemand wat weergebore is, doen geen sonde nie. Maar wanneer in 'n mens 1 Johannes 3 in die Grieks bestudeer, kom jy agter dat daar nie geskryf staan dat 'n gelowige nooit sonde doen nie. Daar staan geskryf dat 'n gelowige *nie aanhou om sonde te doen nie*.

Moet jou dus nie van stryk laat bring deur die mense wat sê dat 'n weergebore mens volmaak die wet kan gehoorsaam nie. Ons weet dat Christus volkome verlossing van die sondes bewerk het, maar Hy het die gelowige nog nie heeltemal van sy sondige natuur bevry nie. Elke gelowige dra nog steeds 'n sondige geaardheid met hom saam. Daarom bely ons: Daar is nie een gelowige wat die wet van God volmaak kan gehoorsaam nie, selfs nie eers die allerheiligstes nie. En onder die *allerheiligstes* verstaan ons mense soos Abraham, Job en Paulus.

Paulus skryf self in Romeine 7 in watter geweldige stryd hy gewikkel is. Hy weet die wet is goed, reg en heilig. Die wet is volmaak, want dit kom van God wat volmaak en heilig is. Maar binne-in hom, vind hy 'n voortdurende onvermoë. Hy wil bitter graag die goeie doen. Hy wil die wet van God gehoorsaam. Maar as hy hom kom kry, het hy in sy woorde en dade, of selfs net in sy gedagtes, mooitjies die teenoorgestelde gedoen. Hy het gedoen wat hy haat en deur die wet verbied word, want sy sondige natuur teer soos 'n parasiet op die wet. As die wet *nee* sê, dan sê sy sondige natuur *ja*, en andersom.

Paulus en die ander gelowiges wat regtig naby die Here gelewe het, het in hierdie lewe

nog maar 'n geringe begin van hierdie volmaakte gehoorsaam gehad. En soos Paulus in hierdie opsig was, so is elke gelowige ook. Die gelowige se lewe is elke dag soos om op 'n seep-gladde oppervlak jou balans te probeer hou. Jy wil baie graag die goeie doen. Jy wil volgens die wet van God lewe. Jy wil opstaan en loop, maar voor jy jou kom kry, het jou voete onder jou uitgegely en daar lê jy plat op jou rug. Gelowiges is voortdurend in stryd met hulle eie natuurlike gedrag wat eerder die vrug van die dood wil dra as om in diens van God te lewe.

Die verlossing wat Christus gebring het, is waar en eg. En as die Heilige Gees jou die wedergeboorte geskenk het en jy glo met jou hele hart in Jesus Christus, kan jy seker wees jy is verlos. God maak nie grappies met mense oor hierdie dinge nie. Hoewel jy volkome verlos is, maak jou wedergeboorte nog nie van jou 'n volmaakte mens nie. Op grond van Christus se verlossingswerk het God jou deur die geloof regverdig verklaar. Jy staan nie meer as 'n skuldige sondaar voor God nie, want die Heilige Gees het jou met Christus se geregtigheid bekleed. Maar jy is nog nie heeltemal van jou sondige natuur bevry nie. Daarom sal gelowiges in hierdie lewe altyd 'n stryd voer teen hulle sondige natuur wat alles in die stryd sal werp om hulle te keer om die wet van God te gehoorsaam.

Uit eie ervaring en op grond van die Here se Woord weet ons dat geen mens in hierdie lewe die wet volmaak sal kan gehoorsaam nie. Nou is daar egter ander mense wat redeneer dat hulle nou maar net sowel alle pogings om die wet te gehoorsaam kan laat vaar. Hulle sê: Aangesien geen mens, selfs nie eers die allerheiligstes, die wet kan onderhou nie, is daar mos geen sin om eers te probeer nie. Hulle regverdig hulle siening ook op 'n eensydige verklaring van die Bybel. Op grond van Romeine 5:20 sê hulle: Hoe meer jou sondes is, hoe groter is God se genade. In Romeine 5:20 staan daar geskryf:

Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword.

(Romeine 5:20 AFR53)

Met hierdie wanopvatting van die Skrif wend hulle 'n poging aan om 'n verskoning aan te bied vir hulle sondes. Dit is ook gewoonlik hierdie mense wat Christus se woorde aan die Fariseërs oor die vrou wat op owerspel betrap is, misbruik (Joh 8:1-11). Hulle leef in hulle sondes, hou aan om te sondig en sien daarom nie kans om iemand anders oor sy sonde tereg te wys nie. Wanneer iemand wel vermaan moet word, sê hulle baie vinnig wat Jesus vir die Fariseërs gesê het:

Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.

(Joh 8:7b AFR53)

Maar hulle vergeet maklik wat Jesus aan die einde van die gesprek aan die vrou gesê het, naamlik:

Gaan heen en sondig nie meer nie. (Joh 8:11b AFR53)

Om net gou terug te kom na Paulus se woorde in Romeine 5:20. Wanneer die Heilige Gees vir ons skryf: **Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword**, word 'n mens nie aangespoor om aan te hou sondig sodat die genade vir jou meer moet word nie. Met daardie woorde leer die Here ons: Die gelowige wat deur die wet ontdek hoe groot sy sonde en ellende werklik is, sal in soveel groter mate die genade van God in die verlossing deur Jesus ervaar. Hoe groter jou besef van jou sondes is, hoe meer intens ervaar jy die verlossing deur jou Saligmaker.

Teenoor hierdie mense wat die Skrif misbruik om hulle eie sondes te regverdig, bely ons

steeds: Hoewel die ware kind van God glad nie in staat is om die wet volkome te gehoorsaam nie, **is daar tog by hulle die ernstige voorneme om volgens al die gebooie van God te lewe**. Paulus sê dan in Romeine 7 dat hy diep in sy wese 'n vreugde vind in die wet van God. Omdat die gelowige wedergebore is, is daar altyd by hom die ernstige voorneme om vrugte van dankbaarheid te dra deur sy lewe volgens al God se gebooie in te rig.

Dit wil sê, iemand wat sê dat daar geen sin in is om eers te probeer om die wet te gehoorsaam nie, wil eintlik vir die mense rondom hom te kenne gee dat hy nie 'n ware gelowige is nie. Anders sou hy nie aangegaan het om vrugte in diens van die dood te dra nie.

Die ernstige voorneme by die gelowiges om hulle lewe volgens al God se gebooie in te rig, is immers nie iets wat uit hulleself na vore kom nie. Die geloof is 'n gawe van God wat die Gees in ons bewerk. Die Gees maak die gelowiges innerlik nuut. En waarmee God begin het, sal Hy ook aanhou tot die einde toe. Die Gees sal die gelowige aanhoudend nuut maak totdat hy onberispelik en sonder enige vlek of smet voor God kan leef tot in alle ewigheid.

Die ware gelowige sal nie sommer sê dat dit nutteloos is om eers te probeer om die wet te gehoorsaam nie. Maar daar is tog iets wat hom hinder en hy verwoord dit in die volgende vraag: **Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?** Daar is ook gelowiges wat na aanleiding van hierdie vraag verder gaan. Hulle sê: Ons is mos gelowiges en ons ken die wet. Dit is tog seker nie nodig dat die wet elke liewe Sondag afgekondig word nie. Dit is seker ook nie nodig dat daar so baie oor die wet gepreek hoef te word nie.

Natuurlik is dit so, as ons mense kon kies wat om te lees en waaroor daar gepreek moet word, sou niemand van ons die Tien Gebooie boaan die lys skryf nie. In die vraag hoor ons egter dit is God wat die Tien Gebooie laat verkondig. In elkeen van die Tien Gebooie maak die Here iets van sy karakter en beeld aan die mens bekend. Dit is deur die verkondiging van die Woord waarmee die Heilige Gees die beeld van God in die gelowige herstel. Daar-om, iemand wat nie na preke oor die wet wil luister nie, of die predikant wat verseg om die Tien Gebooie streng aan God se kinders voor te hou, tree in stryd met God se wil op.

In antwoord 115 bely ons watter troos die gereelde verkondiging van die Tien Gebooie vir ons inhou. Deur die voortdurende skerp verkondiging van die Tien Gebooie **leer ons ons sondige natuur hoe langer hoe beter ken**. Soos Paulus in Romeine 7 dit aan ons duidelik maak: Omdat die wet gekom het, het my sondige natuur iets om hom teen te verset. En hoe meer my sondige natuur verbied word om iets te doen, hoe meer wil hy en doen hy juis dit wat die wet verbied. Sodoende word ek gedwing om my innerlike verdorwenheid en bose karakter te openbaar. En hoe duideliker my eie boosheid vir my word, hoe ernstiger sal my hulpkreet word:

Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?
(Romeine 7:24 AFR83)

Daar is net een antwoord op hierdie vraag: Jesus Christus! Hoe meer 'n mens jou eie sonde ontdek, hoe groter behoort jou verlange te wees na die vergewing van sondes en om met Christus se geregtigheid beklee te wees. En uit dank vir die genade wat God in Christus aan jou bewys, uit dank vir die bloed van Christus aan die kruis, beywer jy jou sonder ophou en bid jy God om die genade van die Heilige Gees sodat jy altyd meer en

meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word. Wanneer ek my beywer om God se wil te doen, dan vertoon ek sy beeld.

Maar steeds erken gelowiges eerlik en nederig: Ons kan nie die wet volmaak gehoorsaam nie. Daarom bid hulle om die genade van die Heilige Gees by God. Die Heilige Gees maak die gelowige aanhoudend nuut van binne af sodat hy meer en meer die gebooie kan gehoor-saam en so die beeld van God kan vertoon.

Die skerp verkondiging van God se wet bring ons by die gebed – op ons knieë voor God. As God beveel: Wees gehoorsaam aan al my gebooie, antwoord ons met die gebed: Here, om Christus ontwil, help my en gee my krag om werklik aan al u gebooie gehoorsaam te wees en so u beeld te vertoon.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:47, 48 (p. 595)

- 47 Daarom is my u bevele / altyd waar en reg; ek haat
alle dowwe leuenpaaie / wat die regte pad verlaat.
HEER, u wet is my 'n wonder / as 'k sy diepte wil deurgrond;
gaan dit oop, dan skiet dit glanse / skoner as die môrestond.
- 48 Dis 'n lig wat klare kennis / aan eenvoudiges ontdek;
dis die asem van die lewe / wat ek diep na binne trek.
Wend U dan nie weg van my nie, / wees my gunstig na die reg
wat in u verbondsgeheim'nis / aan u volk is toegeseg.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Oktober 2018